basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2018

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: INSLUITING EN WAAGMANSKAP: DIE KUBAANSE MISSIELKRISIS

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN MISSIELE NA KUBA GEREAGEER?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Gebruik Bron 1A.

1.1.1 Wat het daartoe aanleiding gegee dat President Kennedy ExComm vir 'n krisisvergadering byeengeroep het? (1 x 1) (1)

1.1.2 Definieer die konsep *kwarantyn* in die konteks van die Kubaanse Missielkrisis. (1 x 2) (2)

1.1.3 Lewer kommentaar op wat jy dink Dean Rusk met die stelling, 'Ons was van aangesig tot aangesig en ek dink die ander ou het net sy oë geknip', in die konteks van die ontplooiing van Sowjetmissiele na Kuba geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Identifiseer die TWEE eise in die bron wat Khrushchev aan die Amerikaanse regering gestel het. (2 x 1) (2)

1.1.5 Wie, volgens die bron, het vir die verwydering van Amerikaanse missiele uit Turkye onderhandel? (2 x 1) (2)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Watter voorstelle het Khrushchev gemaak om die Kubaanse Missielkrisis op te los? (2 x 1) (2)

1.2.2 Noem enige TWEE versekerings in die bron wat die Sowjetunie met betrekking tot die soewereiniteit van Turkye gegee het. (2 x 1) (2)

1.2.3 Verduidelik waarom Khrushchev bereid was om 'n besluit oor Kuba 'binne die raamwerk van die Veiligheidsraad' te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bron 1C.

1.3.1 Lewer kommentaar op waarom jy dink hierdie foto geneem is. Gebruik die bewyse in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

1.3.2 Verduidelik waarom jy die inligting in hierdie bron as bruikbaar sou beskou wanneer die Kubaanse Missielkrisis nagevors word. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1D.

1.4.1 Haal DRIE gevolgtrekkings aan waartoe die Amerikaanse regering gekom het met betrekking tot inligting wat in die lugfoto's verskaf is. (3 x 1) (3)

1.4.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Amerikaners die Internasionale Komitee van die Rooikruis beskou het as 'n geskikte agent vir die inspeksie van 'vragskepe wat na Kuba onderweg is'. (2 x 2) (4)

1.4.3 Lewer kommentaar op waarom jy dink die Amerikaanse regering die onttrekking van Sowjetmissiele uit Kuba wou monitor. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1C en 1D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 1C die inligting in Bron 1D met betrekking tot die onttrekking van Sowjetmissiele uit Kuba ondersteun. (2 x 2) (4)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika in 1962 op die ontplooiing van missiele na Kuba gereageer het. (8)
**[50]**

**VRAAG 2: WATTER ROL HET BUITELANDSE MOONDHEDE IN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE GESPEEL?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Identifiseer die TWEE lande in die bron wat vir Suid-Afrika se ingryping in Angola geblameer is. (2 x 1) (2)

2.1.2 Lewer kommentaar op waarom jy dink Vorster Suid-Afrika se betrokkenheid in Angola verdedig het. (2 x 2) (4)

2.1.3 Wat, volgens die bron, was Suid-Afrika se 'hoofredes' vir ingryping in Angola? (2 x 1) (2)

2.1.4 Noem die TWEE Afrika-leiers in die bron wat Suid-Afrika se ondersteuning van die FNLA en UNITA verwelkom het. (2 x 1) (2)

2.1.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Suid-Afrika:

(a) Nie die MPLA ondersteun het nie (1 x 2) (2)

(b) UNITA ondersteun het (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Identifiseer die TWEE brigades in die bron wat 'n grootskaalse aanval op UNITA begin het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink die Slag van Cuito Cuanavale as die 'grootste slag nog in Afrika suid van die Sahara' beskou word. (2 x 2) (4)

2.2.3 Haal TWEE redes uit die bron aan wat tot die SAW se ontrekking uit Cuito Cuanavale aanleiding gegee het. (2 x 1) (2)

2.2.4 Waarom het die leiers van Angola dit nodig gevind om die oorlog te beëindig? (1 x 2) (2)

2.3 Raadpleeg Bron 2C.

2.3.1 Verduidelik die boodskap wat in hierdie foto oorgedra word. (1 x 2) (2)

2.3.2 Lewer kommentaar daarop of 'n historikus, wat die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale navors, die bron bruikbaar sal vind. (2 x 2) (4)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Noem die TWEE organisasies/bewegings in die bron wat voorkom het dat die SAW Cuito Cuanavale verower. (2 x 1) (2)

2.4.2 Definieer die konsep *kommunisme* in jou eie woorde in die konteks van die Slag van Cuito Cuanavale. (1 x 2) (2)

2.4.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat jy dink Nelson Mandela met die stelling, 'Cuito Cuanavale was 'n oorwinning vir die hele Afrika!', geïmpliseer het. (2 x 2) (4)

2.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C verskil van die inligting in Bron 2D oor die uitkoms van die Slag van Cuito Cuanavale. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die rol wat buitelandse moondhede in die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het, verduidelik. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SWARTMAGFILOSOFIE IN DIE 1960's EN 1970's OP SWART AMERIKANERS GEHAD?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Watter invloed, volgens die bron, het televisie op swart Amerikaners gehad? (1 x 2) (2)

3.1.2 Definieer die konsep *Swart Mag* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom jy dink Pearl Marsh se pa teen haar natuurlike haarstyl gekant was. (2 x 2) (4)

3.1.4 Lewer kommentaar op wat jy dink met die stelling, 'Ek is 'n Afrikaan', in die konteks van die Swartmagfilosofie in die VSA geïmpliseer is. (2 x 2) (4)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Watter soort skool, volgens die bron, het Angela Davis in New York City bygewoon? (1 x 1) (1)

3.2.2 Noem enige DRIE organisasies/partye in die bron waaraan Angela Davis in die 1960's behoort het. (3 x 1) (3)

3.2.3 Verduidelik hoe jy dink die volgende Angela Davis beskou het:

(a) Die Swartmag-aktiviste (1 x 2) (2)

(b) Die Amerikaanse regering (1 x 2) (2)

3.2.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Angela Davis van die ontsnappingspoging uit die Marin County-hof verdink is. (1 x 2) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Haal enige TWEE redes uit die bron aan wat daarop dui dat Angela Davis deur die FBI gesoek is. (2 x 1) (2)

3.3.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik die boodskappe wat die FBI oor Angela Davis wou oordra. (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bron 3B en 3C. Met betrekking tot Angela Davis, verduidelik hoe die inligting in Bron 3B van die bewyse in Bron 3C verskil. (2 x 2) (4)

3.5 Gebruik Bron 3D.

3.5.1 Waarom, volgens Hoover, het die FBI meer 'ondersoek-verantwoordelikhede' gehad? (1 x 1) (1)

3.5.2 Gee DRIE redes in die bron wat te kenne gee dat die Black Panther-party 'die grootste bedreiging vir die interne veiligheid van die land' (VSA) verteenwoordig. (3 x 1) (3)

3.5.3 Verduidelik die beeld wat Hoover oor die leiers van die Black Panther-party probeer oordra het. (1 x 2) (2)

3.5.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van die inligting in die bron vir 'n historikus wat oor die Black Panther-party navorsing doen. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die invloed wat die Swartmagfilosofie in die 1960's en 1970's op swart Amerikaners gehad het, verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae in hierdie afdeling nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank te wees.

### VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

Verduidelik tot watter mate Mao Zedong se beleidsrigtings, die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie, tussen 1957 en 1969 in die transformasie van Kommunistiese China suksesvol was.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË

Bespreek krities hoe Mobutu Sese Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) die ekonomiese en politieke uitdagings waarvoor hulle onderskeie lande na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's te staan gekom het, aangepak het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING

Die Optog na Washington (Lincoln-monument) op 28 Augustus 1963 was in die 1960's die invloedrykste (effektiefste) vorm van verset teen diskriminasie in die Verenigde State van Amerika.

Stem jy met hierdie stelling saam? Ondersteun jou argument met relevante bewyse. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2018**

**ADDENDUM**

**Hierdie bylae bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: HOE HET DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN MISSIELE NA KUBA GEREAGEER?**

**BRON 1A**

Die bron hieronder verduidelik hoe President JF Kennedy en President N Khrushchev op die ontplooiing van missiele in Kuba gereageer het.

President Kennedy het 'n krisisbestuurspan, die Executive Committee (ExComm), byeengeroep om van die bedreiging van missiele in Kuba werk te maak. Kennedy het die leër se oproep vir 'n onmiddellike lugaanval, gevolg deur 'n inval in Kuba, verwerp en, in plaas daarvan, beveel dat 'n vlootkwarantyn (blokkade) van die eiland toegepas word. Khrushchev het die kwarantyn geïgnoreer en Sowjetskepe met missiele het in die rigting van Kuba gevaar. Ses Sowjetskepe het egter op 24 Oktober na die Sowjetunie teruggedraai. Dean Rusk, die Amerikaanse Minister van Buitelandse sake, het op dié tydstip opgemerk: 'Ons was van aangesig tot aangesig en ek dink die ander ou het net sy oë geknip.' Desnieteenstaande het die krisis voortgeduur, want die missielterreine was steeds in Kuba.

Khrushchev het op 26 Oktober 'n telegram aan Kennedy gestuur waarin hy verklaar het dat die Sowjetunie die missiele sou verwyder in ruil vir 'n waarborg deur Amerika dat Kuba nie ingeval sou word nie. Hy was op hierdie tydstip daarvan oortuig dat Amerika op die punt gestaan het om Kuba aan te val. Voordat Kennedy op hierdie telegram kon reageer, het Khrushchev 'n tweede, meer veeleisende, brief aan die Amerikaanse regering gestuur en aangedring dat die verwydering van Turkse missiele by enige transaksie oor Kuba ingesluit moet word …

Kennedy het voortgegaan om militêre optrede as die laaste uitweg te beskou en, op aanbeveling van Llewellyn Thompson, die Amerikaanse ambassadeur in die Sowjetunie, het hy besluit om Khrushchev se eerste aanbod te aanvaar en die tweede een te ignoreer. Robert Kennedy, Kennedy se broer wat toe Prokureur-generaal was, het egter terselfdertyd vir Anatoly Dobrynin, die Sowjet-ambassadeur, in Washington DC ontmoet om ooreen te kom dat Amerika die missiele uit Turkye sou verwyder.

[Uit *History 20$^{th}$ Century World, The Cold War* deur K Rogers en J Thomas]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is 'n gedeelte van 'n toespraak wat President Khrushchev op 27 Oktober 1962 op Radio Moskou gelewer het. Dit fokus op sy besluit om Sowjetmissiele uit Kuba te verwyder.

Daarom maak ek hierdie voorstel: Ons is bereid om die missiele wat u as aanvalswapens beskou, uit Kuba te verwyder. Ons is bereid om dit te doen en om hierdie waarborg (belofte) aan die Verenigde Nasies te gee. U verteenwoordigers sal 'n verklaring aflê dat Amerika, van hulle kant, met inagneming van die besorgdheid en kommer van die Sowjetstaat, soortgelyke missiele uit Turkye sal verwyder.

Met die gee van hierdie waarborg om die mense van Kuba en Turkye gerus te stel, om hulle hoop te gee en om hulle vertroue in hulle veiligheid te versterk, sal ons 'n verklaring binne die raamwerk van die Veiligheidsraad aflê wat daarop neerkom dat die Sowjetregering die versekering (waarborg) gee dat die onskendbaarheid (veiligheid) van Turkye se grense en soewereiniteit gerespekteer sal word, dat daar nie met hulle binnelandse sake ingemeng sal word nie, dat Turkye nie ingeval sal word nie en dat ons gebied nie as 'n vastrapplek vir so 'n inval beskikbaar gestel sal word nie …

Die Amerikaanse regering sal 'n soortgelyke verklaring oor Kuba binne die raamwerk van die Veiligheidsraad aflê.

Waarom sou ek dit wou doen? Omdat die hele wêreld nou besorg (bekommerd) is en verstandige optrede van ons verwag. Die grootste vreugde vir alle mense sal die aankondiging van ons ooreenkoms en die uitwissing (onderdrukking) van die omstredenheid wat ontstaan het, wees. Ek heg groot waarde aan hierdie ooreenkoms aangesien dit as 'n goeie begin kan dien en dit besonder makliker kan maak om 'n ooreenkoms te bereik oor die verbanning van kernwapentoetse.

Dit is my voorstelle, meneer die President.


Die uwe,

***N Khrushchev***

[Uit https://www.marxistorg/archive/khrushchev/1962/10/27.htm.
Toegang op 20 September 2017 verkry.]

**BRON 1C**

Die lugfoto hieronder toon 'n konvooi vragmotors wat in November 1962 die gedemonteerde Sowjetmissiele na 'n vragskip vervoer het wat by Port of Mariel, Kuba, vasgemeer was.



[Uit http://usarchives2.gwu.edu//nsa/cuba-mus-cn.cri/photos.htm. Toegang op 21 September 2017 verkry.]

**'n Konvooi vragmotors wat gedemonteerde Sowjetmissiele vervoer om op 'n vragskip gelaai te word.**

**BRON 1D**

Die volgende is 'n gedeelte uit 'n toespraak wat JF Kennedy, die President van die Verenigde State van Amerika (VSA), op 2 November 1962 uit die Withuis gelewer het. Dit fokus op die verwydering van Sowjetmissiele uit Kuba.

My medeburgers: Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om verslag te doen oor die gevolgtrekkings waartoe hierdie regering gekom het oor gister se lugfoto's, wat môre beskikbaar gestel sal word, asook ander aanduidings, naamlik dat die Sowjet-missielbasisse in Kuba gedemonteer word, hulle missiele en toerusting wat daarmee verband hou in kratte verpak word en dat die vaste installasies op hierdie terreine vernietig word.

Amerika is van voorneme om die voltooiing van hierdie werk op 'n verskeidenheid maniere, lugopnames ingesluit, aandagtig dop te hou totdat 'n ewe bevredigende internasionale verifikasiemiddel (bevestiging) ingestel is.

Solank as die kwarantyn (blokkade) nog van krag is, hoop ons dat voldoende prosedures ontwikkel kan word vir internasionale inspeksie van vragskepe wat na Kuba onderweg is. Ons is van mening dat die Internasionale Komitee van die Rooikruis 'n geskikte agent in hierdie saak sal wees.

Die handhawing van hierdie maatreëls in die lug en ter see kom ooreen met ons waarborg om die onttrekking of verwydering daarvan uit hierdie halfrond te verseker sodra die bedreiging van die vrede wat deur hierdie aanvalswapens ingehou word, wyk. Dit is in ooreenstemming met die regulasies van die Organisasie van Amerikaanse State ('OAS'), en strook met die briefwisseling van 27 en 28 Oktober met Voorsitter Khrushchev.

Daar word nou vordering gemaak met die herstel van vrede in die Karibiese Eilande, en dit is ons vaste hoop en doel dat hierdie vordering sal voortduur. Ons sal voortgaan om Amerikaners oor hierdie lewensbelangrike saak in te lig.

[Uit *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* deur RF Kennedy]

## VRAAG 2: WATTER ROL HET BUITELANDSE MOONDHEDE IN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE GESPEEL?

### BRON 2A

Die bron hieronder fokus op die redes vir Suid-Afrika se betrokkenheid by die Koue oorlog in Angola.

John Vorster (Suid-Afrika se Eerste Minister) het die blaam vir Suid-Afrika se ingryping in Angola vierkantig op die skouers van die Russe en Kubane geplaas: 'Ons betrokkenheid was die gevolg van Russiese en Kubaanse inmenging. As hulle Angola nie binnegeval het nie, as hulle nie aan hierdie affêre deelgeneem het nie, as hulle nie probeer het om die hele Angola omver te werp (ondermyn) en om sy mense te onderdruk (in te perk) nie, sou Suid-Afrika Angola glad nie binnegeval het nie … Ons het ingegaan om Kuba en die MPLA van die damme (Ruacana en Calueque) te verdryf.'

Daar is geen twyfel dat die bystand wat die Russe en die Kubane in die vorm van wapens en opleiding aan die MPLA gegee het, tot 'n sekere mate bygedra het om Suid-Afrika se ingryping te motiveer nie, maar dit is onwaarskynlik dat dit so 'n deurslaggewende rede was as wat Vorster geïmpliseer het. Dit was SWAPO, nie die Kubane en die MPLA nie, wat die twee damme tussen Ruacana en Calueque bedreig het. Die hoofredes vir Suid-Afrika se ingryping in Angola was nie die teenwoordigheid van Russe en Kubane nie, maar die begeerte om te voorkom dat 'n MPLA-regering beheer oorvat en om die verspreiding van kommunisme te voorkom.

Daar is ook bewyse dat President Kaunda van Zambië en President Mobutu Sese Seko van Zaïre, wat nie een die MPLA goedgesind was nie, Suid-Afrika se ondersteuning van die FNLA en UNITA verwelkom het.

… Suid-Afrika se optrede het hom progressief (meer en meer) dieper in die Angolese oorlog ingetrek … Generaal Hendrik van den Bergh is Frankryk toe gestuur om wapens ter waarde van R20 miljoen vir die FNLA en UNITA te koop … Suid-Afrikaanse instrukteurs het begin om FNLA- en UNITA-soldate in die suide van Angola op te lei.

[Uit *South Africa in the 20th Century* deur BJ Liebenberg en SB Spies (redakteurs)]

Kopiereg voorbehou 

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder fokus op die betrokkenheid van Angola, Kuba, Suid-Afrika en Rusland by die Slag van Cuito Cuanavale.

Angolese en Kubaanse brigades (soldate-eenhede) het in Augustus 1987, onder 'n Russiese bevelvoerder, 'n grootskaalse aanval op UNITA begin. Die Suid-Afrikaanse troepe wat tot hulle redding gekom het, het vir die eerste keer sedert die Tweede Wêreldoorlog tenks gebruik. Die geveg wat in Cuito Cuanavale gewoed het, is al die grootste slag nog in Afrika suid van die Sahara genoem. Die Suid-Afrikaners, gesteun deur UNITA, het die Angolese opmars by die Lombarivier gestuit en hulle na Cuito Cuanavale teruggedryf, waar die Angolese soldate vasgeskop en halsstarrig (hardkoppig) weerstand gebied het. Hulle het ook toenemend ondersteuning by hulle lugmag gekry, terwyl die Suid-Afrikaanse lugmag lugbeheer begin verloor het. Die Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) het gedink dat Cuito Cuanavale ingeneem kon word, maar dat dit die lewens van ongeveer 300 wit soldate en 'n groot aantal swart soldate van die Suidwes-Afrikaanse Landweermag en UNITA sou kos. So 'n prys is as te hoog beskou en daar is besluit om Cuito Cuanavale in Angolese besit te laat …

… Cuito Cuanavale was 'n keerpunt in die geskiedenis van Suider-Afrika. Die dooiepunt daar het tot herbesinning deur al die partye gelei. Dit was vir almal duidelik dat daar geen oorwinning in sig was nie en om met die oorlog voort te gaan, tot al groter verliese sou lei. Suid-Afrika het dit al hoe moeiliker gevind om die enorme (groot) koste van die oorlog in Angola te regverdig, wat meer as R1 miljoen per dag beloop het. Boonop het die groeiende lys jong mans wat in Angola gesterf het en die toenemende militarisering van Suid-Afrika, teenkanting ontlok. Angola het terselfdertyd gesmag na vrede sodat die ekonomie, infrastruktuur en menseverhoudinge wat deur die oorlog beskadig is, herstel kon word.

[Uit http://www.defenceweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=51193. Toegang op 18 April 2018 verkry.]

**BRON 2C**

Die foto hieronder toon 'n konvooi militêre voertuie van die Suid-Afrikaanse Weermag wat in 1988 Angola verlaat en Namibië binnegaan.




[Uit https://www.historytoday.com/gary-baines/replaying-cuito-cuanavale. Toegang op 18 April 2018 verkry.]

**BRON 2D**

Hierdie uittreksel is uit 'n toespraak geneem wat op 23 Maart 1988 deur Rodolfo Benítez Verson, die Kubaanse ambassadeur in Suid-Afrika, gelewer is. Hy verduidelik in breë trekke hoe Kuba die Slag van Cuito Cuanavale gewen het.

Die Suid-Afrikaners en die skynmarionet-gewapende groep, National Union for the Total Independence of Angola (UNITA), ondersteun deur die Verenigde State van Amerika, het op 23 Maart 1988 hulle laaste groot aanval op Cuito Cuanavale gedoen.

Hulle is egter beslissend deur die kommunistiese magte van Angola, Kuba en die Suidwes-Afrikaanse Volksorganisasie (SWAPO), met die ondersteuning van lede van die African National Congress (ANC) van Suid-Afrika, gekeer.

Fidel Castro het die belangrikheid van die slag beklemtoon en verklaar: 'In Cuito Cuanavale het die Kubaanse Rewolusie alles gespeel, sy eie bestaan gespeel, 'n grootskaalse oorlog teen een van die sterkste magte in die Derde Wêreld gewaag, teen een van die rykste magte met 'n belangrike industriële en tegnologiese ontwikkeling, tot die tande gewapen, op daardie afstand vanaf ons klein landjie en met ons bronne, met ons wapens.'

Die apartheidsregime het probeer om sy nederlaag in Cuito Cuanavale as 'n taktiese terugtrekking uit te beeld. Sommige twyfelagtige skrywers het ook regdeur al hierdie jare probeer om die geskiedenis te herskryf, om die belangrikheid van die geveg by Cuito Cuanavale te verklein en selfs te ignoreer. Maar die rewolusionêres in Afrika het nooit enige twyfel oor wie die slag gewen het en die belangrikheid daarvan gehad nie.

Nelson Mandela het die volgende oor Kuba se deelname in Angola gesê: 'Julle teenwoordigheid en die versterkings wat na die Slag van Cuito Cuanavale gestuur is, is waarlik geskiedkundig belangrik. Die verpletterende nederlaag van die rassistiese weermag in Cuito Cuanavale was 'n oorwinning vir die hele Afrika!'

[Uit https://www.iol.co.za/capetimes/opinion/cuito-cuanavale-the-turning-point-14003886. Toegang op 18 April 2018 verkry.]

**VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SWARTMAGFILOSOFIE IN DIE 1960's EN 1970's OP SWART AMERIKANERS GEHAD?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder verduidelik die rol wat televisie gespeel het in die motivering van jong swart Amerikaners om trots op hulle swart identiteit te wees.

Televisiedekking van die beweging het die belangrikheid van 'n verpersoonlikte beeld van swart militarisme verhoog. Emory Douglas, wat die minister van kultuur van die Black Panther-party geword het, het beskryf hoe sy denke deur hierdie medium gevorm is: 'Ek is baie deur Stokely [Carmichael] en Rap [H Rap Brown] geïnspireer. Ek het hulle die heeltyd op TV gesien. En hulle was op daardie stadium vreesloos. Ek het met hulle geïdentifiseer. [Stokely] het gepraat oor Swart Trots en Swart Mag.' Pearl Marsh, wat toe 'n student by 'n histories swart kollege was, het besluit om nie meer haar hare reguit te maak nie nadat sy militante op televisie gesien het. Sy het in hierdie militante iets gesien wat blykbaar haar outentieke (ware) self was.

'Dit was in Alabama ('n Suidelike Staat), toe ek by Huntsville was, en dit was werklik 'n streng skool. Ons kon elke nou en dan televisie kyk, en ek onthou dat ek militante studente gesien het met wie onderhoude gevoer is, en hulle het natuurlike haarstyle (Afro-haarstyle) gehad. Ek het op 'n dag my hare gewas en 'n vurk uit die eetsaal gesteel. Ek bedoel, letterlik 'n kombuisvurk, my hare opgedoen en klas toe gegaan. Ek het so verlig gevoel … Swart is pragtig (*'Black is beautiful'*) het nie alles oorkom nie. Die een ding wat dit oorkom het, was skaamte; dat ons skaam was dat ons hare gekroes (krullerig) het. Ek bedoel die gedagte dat 'n wit persoon jou ooit sou sien met hare wat nie reguit gemaak is nie, was net ondenkbaar. En gevolglik was dit 'n verligting. Dat dit ek was. My pa het gesterf toe hy my sien. Hy het net gesterf. Ek het huis toe gekom met hierdie hare wat gelyk het soos 'n bol. 'Jy lyk soos 'n Afrikaan!' Dit was verkleinerend (afkeurend). Ek het gesê: 'Ja. So, ek lyk soos 'n Afrikaan. Ek is 'n Afrikaan.'

… Die 'militantes' op televisie het Marsh 'n nuwe manier gegee om haarself te wees. Kroeshare, 'n kenmerk wat sy met skaamte gedra het, is omgesit (verander) in 'n glansryke simbool van lidmaatskap van 'n trotse en mooi ras.

[Uit *Ain't I a Beauty Queen? Black Women, Beauty, and the Politics of Race* deur ML Craig]

**BRON 3B**

Die bron hieronder fokus op die rol wat Angela Davis in die 1960's en 1970's in die stryd teen onderdrukking in die Verenigde State van Amerika gespeel het.

Angela Davis, aktivis, opvoedkundige, geleerde en politikus het in die 'Dynamite Hill'-gebied in Birmingham, Alabama, gewoon. Die gebied het die naam gekry omdat so baie swart Amerikaanse huise in hierdie middelklaswoonbuurt deur die jare deur die Ku Klux Klan gebombardeer is.

As 'n tiener het Davies saam met haar ma na New York City verhuis en die Elizabeth Irwin Hoërskool, 'n linkse skool, bygewoon omdat 'n klomp onderwysers by die skool gedurende die McCarthy-era op die swartlys vir beweerde vroeëre kommunistiese aktiwiteite was.

Sy het in 1965 'n BA-graad (magna cum laude) behaal. Davis was so ontroer deur die dood van die vier meisies in 1963 toe die Sestiende Straat Baptistekerk in haar tuisdorp gebombardeer is, dat sy besluit het om by die Burgerregtebeweging aan te sluit. Davis is egter teen 1967 deur die Swartmagfilosofie beïnvloed en het by die Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC) en toe by die Black Panther-party aangesluit. Sy het ook met haar studies voortgegaan. Sy het in 1968 verder links geskuif en 'n lid van die Amerikaanse Kommunisteparty geword.

Angela Davis is in 1969 deur die Universiteit van Kalifornië, Los Angeles ('UCLA'), as 'n assistent-professor in filosofie aangestel, maar haar betrokkenheid by die Kommunisteparty het tot haar ontslag gelei. Sy het in die vroeë 1970's ook aktief betrokke geraak by die beweging om omstandighede in tronke vir gevangenes te verbeter. Daardie werk het tot haar veldtog gelei om die Soledad Brothers (uit die tronk) te bevry. Die Soledad Brothers was twee swart Amerikaanse gevangenes en lede van die Black Panther-party, George Jackson en WL Nolen, wat in die laat 1960's in die tronk opgesluit is.

Jonathan Jackson, die jonger broer van George Jackson, het op 7 Augustus 1970 probeer om gevangenes te bevry wat in die Marin County-hof tereggestaan het. Hoërhofregter, Harold Haley, en drie ander mense, onder andere Jonathan Jackson, is gedurende die mislukte poging dood. Alhoewel Davis nie aan die werklike ontsnappingspoging deelgeneem het nie, het sy 'n verdagte geword toe uitgevind is dat die gewere wat deur Jackson gebruik is, in haar naam geregistreer was. Davis het gevlug om arrestasie te vermy en is op die FBI se lys vir die mees gesoekte misdadigers geplaas.

[Uit http://www.blackpast.org/aah/davis-angela-1944-0.
Toegang op 18 April 2018 verkry.]

**BRON 3C**

Die plakkaat hieronder is in Augustus 1970 deur die Federale Speurdiens (FBI) voorberei en versprei. Dit het 'n beroep op die publiek gedoen om te help met die arrestasie van Angela Davis wat op die FBI se lys vir die mees gesoekte voortvlugtiges was.




**INDIEN U OOR ENIGE INLIGTING OOR HIERDIE PERSOON BESKIK, STEL MY ASSEBLIEF IN KENNIS OF KONTAK U FBI-REGSKANTOOR.**

***J EDGAR HOOVER***

[Uit https://www.history.com_Angela_Davis. Toegang op 21 Maart 2018 verkry.]

Afrikaanse vertaling van die plakkaat:

**GESOEK DEUR DIE FBI**
**VLUG TUSSEN STATE – MOORD, ONTVOERING**

**BRON 3D**

Die bron hieronder fokus op die verklaring wat Edgar Hoover (FBI-direkteur) oor die Black Panther-party uitgereik het. Dit is op 16 Julie 1969 in die *Desert Sun*, 'n Kaliforniese koerant, gepubliseer.

**BLACK PANTHER GROOTSTE BEDREIGING VIR AMERIKAANSE VEILIGHEID**

WASHINGTON: … Hoover het in 1969, in sy jaarlikse finansiële verslag, verklaar dat die toenemende aktiwiteit van 'swart ekstremistegroepe wat tot geweld geneig is' groter ondersoekverantwoordelikhede op die FBI geplaas het. Hoover het gesê: 'Onder hulle verteenwoordig die Black Panther-party sonder twyfel die grootste bedreiging vir die interne veiligheid van die land. Geskool volgens die Marxisties-Leninistiese ideologie en die leringe van die Chinese Kommunistiese leier, Mao ZeDong, het lede verskeie aanvalle op polisieamptenare gedoen, openbare eiendom vernietig en was by gewelddadige konfrontasies met die polisie in stede regoor die land betrokke. Hoover het verklaar: 'Leiers en verteenwoordigers van die Black Panther-party reis baie regoor Amerika en predik hulle leerstellings van haat en geweld, nie net aan ghetto-inwoners nie, maar ook aan studente by kolleges, universiteite en hoërskole.'

Huey Newton, die Panthers se minister van verdediging, is op 8 September 1968 vir die noodlottige skiet van 'n polisieman in Kalifornië gearresteer. Nog 'n Panther, Bobby Seale, was een van agt betogers wat in 1968 by die Democratic National Convention in Chicago op federale aanklagte van 'aanhitsing tot onluste' gearresteer is. Hoover het nuwe syfers aangekondig wat getoon het dat studente-opstande gedurende die 1968–1969 akademiese jaar skade van meer as $3 miljoen aan opvoedkundige fasiliteite veroorsaak het en tot meer as 4 000 arrestasies gelei het. Hy het gesê dat die gebruik van 'georganiseerde terreur en geweld' meer as 225 hoëronderwysinstellings ontwrig het. Daar was 61 gevalle van brandstigting of bombardering op kollegekampusse.

[Uit https://cdnc.ucr.edu/cgi-bin/cdnc?a=d&d=DS19690716.2.89.
Toegang op 17 Maart 2018 verkry.]

Kopiereg voorbehou 

**ERKENNINGS**

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Craig, ML. 2002. *Ain't I a Beauty Queen? Black Women, Beauty, and the Politics of Race* (Oxford University Press, New York)

http://usarchives2.gwu.edu//nsa/Cuba-mus-cn.cri/photos.htm

http://www.blackpast.org/aah/davis-angela-1944-0

http://www.defenceweb.co.za/index.php?option=com_content&view=article&id=51193

https://cdnc.ucr.edu/cgi-bin/cdnc?a=d&d=DS19690716.2.89

https://www.history.com_Angela_Davis

https://www.historytoday.com/gary-baines/replaying-cuito-cuanavale

https://www.iol.co.za/capetimes/opinion/cuito-cuanavale-the-turning-point-14003886

https://www.marxistorg/archive/khrushchev/1962/10/127.htm

Kennedy, RF. 1971. *Thirteen Days: A Memoir of the Cuban Missile Crisis* (WW Norton & Company, New York)

Liebenberg, BJ en Spies, SB (redakteurs). 1993. *South Africa in the 20$^{th}$ Century* (JL Van Schaik, Pretoria)

Rogers, K en Thomas, J. 2008. *History 20$^{th}$ Century World, the Cold War* (Pearson, Essex)

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 24 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

___________ . __________________________ . __________________________
_____________________________________________ . _________________
√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoudseleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

Kopiereg voorbehou 

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante <u>inleiding</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke <u>hoofaspek/liggaam</u> van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante <u>slotopmerking</u> (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die PEEL-struktuur in gedagte by die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole MOET gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√
- Argument LOA ↕

## 2.5. Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle moet die kriteria gebruik word wat in die matriks verskaf word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevante tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1*** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud/geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoudseleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag nie op gepaste wyse beantwoord nie en vaag; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

**VRAAG 1: HOE HET DIE SOWJETUNIE EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN 1962 OP DIE ONTPLOOIING VAN MISSIELE NA KUBA GEREAGEER?**

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- 'Om van die bedreiging van missiele in Kuba werk te maak' (1 x 1) (1)

1.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 1A – V1]*
- Amerika het 'n blokkade afgedwing om te verhoed dat Sowjetskepe vol missiele Kuba invaar
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1A – V2]*
- Amerika en die Sowjetunie was van aangesig tot aangesig (Waagmanskap) en was gereed vir 'n direkte konfrontasie met mekaar, maar die Sowjetunie het teruggetrek
- 'n Konfrontasie (Waagmanskap) waar Amerikaanse skepe Sowjetskepe verhinder het om Kuba in te gaan maar die Sowjetunie het sy skepe die opdrag gegee om terug te keer na die Sowjetunie
- Enige ander relevante antwoord enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- ''n Waarborg deur Amerika dat Kuba nie ingeval sou word nie'
- 'Die verwydering van Turkse missiele' (2 x 1 ) (2)

1.1.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*

- Robert Kennedy – VSA (Prokureur-generaal)
- Anatoly Dobrynin – Sowjetunie (Sowjet-ambassadeur) (2 x 1) (2)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Ons is bereid om die missiele ... uit Kuba te verwyder'
- 'Ons is bereid om hierdie waarborg aan die Verenigde Nasies te gee'
- ‘Amerika ... soortgelyke missiele uit Turkye sal verwyder’ (enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'Dat die onskendbaarheid (veiligheid) van Turkye se grense'
- 'En die soewereiniteit [van Turkye] gerespekteer sal word'
- 'Daar nie met hulle binnelandse sake ingemeng sal word nie'
- 'Dat Turkye nie ingeval sal word nie'
- 'Dat ons gebied nie as 'n vastrapplek vir so 'n inval beskikbaar gestel sal word nie’ (enige 2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1B – V2]*
Khrushchev:
- Het gevoel dat die Veiligheidsraad ŉ universeel gerespekteerde en neutrale liggaam was
- Het gevoel dat die hele wêreld bekommerd was oor die moontlikheid van 'n kernoorlog
- Moes 'n spoedige oplossing vind met betrekking tot die krisis in Kuba
- Het gevoel dat die hele wêreld van hom en Kennedy verwag om die missielkrisis vreedsaam op te los
- Moes saam met Kennedy werk om 'n kernoorlog af te weer deur vreedsame metodes te gebruik
- Beide die VSA en die Sowjetunie was permanente lede van die Veiligheidsraad
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3
1.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1C – V2]*
- Om te bevestig dat kernmissiele gedemonteer is en uit Kuba vervoer is
- Om te toon hoe die missiele uit Kuba op 'n Sowjet-vragskip verskeep sou word
- Om die Sowjetunie se verbintenis tot die verwydering van kernmissiele uit Kuba te bevestig
- Om te wys dat die VSA die verwydering van kernwapens in Kuba gemonitor het
- Om te bewys dat die missielkrisis tot ŉ einde gekom het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 1C – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit 'n oorspronklike bron is – visuele bewyse (foto) wat die bewyse van die vervoer van gedemonteerde missiele na ŉ Sowjet vragskip toon
- Dit is in November 1962 geneem, die tyd toe die werklike onttrekking van Sowjetmissiele uit Kuba plaasgevind het
- Dit toon Sowjetmissiele wat op 'n skip gelaai word wat onderweg is na die Sowjetunie
- Die bron kom ooreen met ander bronne oor die verwydering van missiele uit Kuba na die Sowjetunie
- Dit gee inligting oor waarvandaan die missiele verskeep word (Port of Mariel) en die datum waarop dit plaasgevind het
- Dit bewys dat die VSA die verwydering van missiele in Kuba gemonitor het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4
1.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*
- 'Die Sowjet-missielbasisse in Kuba gedemonteer word'
- 'Missiele en toerusting wat daarmee verband hou in kratte verpak word'
- 'Die vaste installasies op hierdie terreine vernietig word' (3 x 1) (3)

1.4.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die Rooikruis het nie voorkeur gegee aan die regering van enige land nie (hulle was neutraal)
- Die Rooikruis is ʼn internasionale humanitêre instelling en help mense wat geaffekteer word deur konflik en oorlog
- Die Rooikruis was nie polities betrokke in die Koue Oorlog nie
- Die Rooikruis het lede oor die hele wêreld uit alle lande gehad
- Die Rooikruis het nie 'n weermag gehad nie en is nie as 'n bedreiging deur enige land beskou nie/ ʼn vredesagent
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 1D – V2]*
- Die VSA het nie die Sowjetunie vertrou met betrekking tot die verwydering van alle missiele uit Kuba nie
- Om te verseker dat die Sowjetmissiele uit Kuba verwyder word sodat dit nie 'n bedreiging vir die VSA se veiligheid inhou nie
- Die VSA wou die oppergesag handhaaf in hierdie krisis/ magstryd met die Sowjetunie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 1C en 1D – V3]*

**Kandidate kan hul antwoorde begin met die frase 'Beide bronne ...'**
- Bron 1C is 'n lugfoto wat die onttrekking/ verwydering van missiele uit Kuba aandui en Bron 1D verwys na missiele wat gedemonteer word en na die hawe vervoer word
- Bron 1C toon 'n Sowjet-vragskip wat wag om gelaai te word met Sowjetmissiele vanaf Kuba en Bron 1D bevestig die demontering van Sowjet-missielbasisse in Kuba
- Bron 1C toon Sowjet betrokkenheid (Sowjettrokke en vragskip) in die onttrekking van missiele uit Kuba en Bron 1D dui aan dat die Amerikaanse die demontering van missielterreine in Kuba noukeurig sou dophou
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Kennedy het die ontplooiing van missiele in Kuba as 'n ontmiddellike bedreiging vir die VSA beskou (Bron 1A)
- Sowjet Unie het die ontplooiing van missiele in Kuba as 'n verdedigings optrede beskou (eie kennis)
- Kennedy het ExComm, wat verskeie opsies oor die Sowjetmissiele in Kuba bespreek het, in die lewe geroep (Bron 1A)
- Kennedy het 'n blokkade aangekondig wat gelei het tot die onttrekking van Sowjetskepe wat op pad was na Kuba (Bron 1A en eie kennis)
- Verbod op alle kerntoetse deur die Amerikaanse en die Sowjetunie (Bron 1B)
- Korrespondensie tussen Kennedy en Khrushchev toon samewerking tussen die twee leiers om 'n kernoorlog te voorkom (Bron 1A, 1B en 1D)
- Onttrekking van Sowjetmissiele uit Kuba – Russiese beeld is geknou (Bron 1C en 1D)
- Toesig deur die Rooikruis om by te staan met die verwydering van missiele uit Kuba is deur beide die Amerikaanse en die Sowjetunie verwelkom (Bron 1D)
- Die Amerikaanse het lugbewaking gebruik om die onttrekking van missiele uit Kuba te monitor en te verifieer (Bron 1C en 1D)
- Totstandkoming van die 'blitslyn' tussen Kennedy en Khrushchev (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika gereageer het op die ontplooiing van missiele na Kuba in 1962.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika gereageer het op die ontplooiing van missiele in Kuba in 1962.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor hoe die Sowjetunie en die Verenigde State van Amerika gereageer het op die ontplooiing van missiele in Kuba in 1962.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WATTER ROL HET BUITELANDSE MOONDHEDE IN DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE GESPEEL?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Rusland'
- 'Kuba' (2 x 1) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
Vorster wou:
- Om waterbronne/damme te beskerm
- Om die MPLA te verhoed om Angola te regeer
- Om Angola te verdedig teen Russiese en Kubaanse invloed
- Om UNITA in sy stryd teen die MPLA ondersteun
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- 'Die begeerte om te voorkom dat 'n MPLA-regering beheer oorvat'
- 'Om die verspreiding van kommunisme te voorkom' (2 x 1) (2)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Kenneth Kaunda (President van Zambië)'
- Mobutu Sese Seko President van Zaïre' (2 x 1) (2)

2.1.5 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2A – V2]*
(a)
- Die MPLA ondersteun kommunisme
- Die MPLA het noue verhoudings met Rusland en Kuba gehad
- Die MPLA het bevrydingsorganisasies ondersteun (SWAPO/ANC)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b)
- UNITA het kapitalisme ondersteun
- UNITA het teen die kommunistiese MPLA geveg
- UNITA het teen Russiese en Kubaanse magte in Angola geveg
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Angolese'
- 'Kubaanse' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Dit was die eerste oorlog in suidelike Afrika wat baie lande uit die buiteland ingesluit het
- Die aantal troepe wat Kuba na Angola gestuur het (50 000) en die toerusting toon dat dit 'n groot oorlog/slag was
- Dit was die eerste oorlog in suidelike Afrika waar moderne militêre toerusting gebruik is
- Die lugmag is ook deur beide Suid-Afrika en Kuba gedurende die oorlog gebruik
- Daar was ŉ groot aantal ongevalle gedurende die oorlog/ lewensverlies
- Die miete dat die Suid-Afrikaanse lugmag onoorwonne is was bloot gelê
- Dit het aanleiding gegee tot die onafhanklikheid van Namibië
- Dit het ŉ invloed op die heersende politieke bestel in Suid-Afrika gehad
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- 'Dit die lewens van ongeveer 300 wit soldate'
- ' 'n Groot aantal swart soldate'
- 'Geen oorwinning in sig was nie'
- 'Om met die oorlog voort te gaan, tot al groter verliese sou lei'
- 'Enorme koste...meer as R1 miljoen per dag'
- 'Toenemende militarisering van Suid-Afrika, teenkanting ontlok'

(enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2B – V2]*
- Angola het gesmag na vrede
- Hulle wou hê dat ekonomiese, politieke en maatskaplike rekonstruksie van die land sou plaasvind
- Angolese sou 'n regering van hul keuse hê
- Buitelandse inmenging in Angola se interne sake sou tot 'n einde kom
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3
2.3.1 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2C – V2]*
- Die boodskap is dat Suid-Afrika die Slag van Cuito Cuanavale gewen het
- Soldate wat terugkeer van die oorlog in Angola word as 'WENNERS' verwelkom
- Dit toon Suid-Afrika se militêre voertuie wat uit Angola onttrek en Namibië binnegaan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.2 *[Vasstelling van die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 2C – V3]*
**Kandidate MOET ŉ standpunt inneem en sê BRUIKBAAR of NIE BRUIKBAAR NIE en dit ondersteun**

**BRUIKBAAR:**
- Die foto toon Suid-Afrikaanse troepe wat tuiskom as 'WENNERS'
- Dit is geneem teen die einde van die Slag van Cuito Cuanavale
- Dit gee 'n Suid-Afrikaanse regeringsperspektief oor die uitkoms van die oorlog
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BRUIKBAAR NIE:**

- Dit gee 'n eensydige perspektief/siening
- Dit gee slegs die Suid-Afrikaanse siening van die oorlog in Angola en is daarom eensydig
- Dit brei nie daarop uit hoe die SAW 'WENNERS' was nie
- Dit kon as propaganda gebruik word om die SAW as 'WENNERS' te toon
- Die foto kon opgemaak gewees het (gemanipuleer om te toon dat die SAW die Slag van Cuito Cuanavale gewen het)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4

2.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- 'SWAPO'
- 'ANC' (2 x 1) (2)

2.4.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 2D – L1]*

- ŉ Politieke teorie/ideologie gebaseer op die geskrifte van Karl Marx wat beoog het om ŉ klaslose samelewing te skep/stig
- Kommunisme kan na verwys word as ŉ ekonomiese stelsel waarin die staat die grond, industrieë, eiendom en rykdom van die bevolking beheer/besit
- Dit is 'n ideologie wat deur die MPLA aangeneem is
- Die MPLA wou 'n klaslose stelsel hê
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.4.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 2D – V2]*

- Dit het getoon dat die leiers van Afrika-lande die vermoë gehad het om op te staan teen buitelandse oorheersing
- Oorwinning by die Slag van Cuito Cuanavale het gedien as 'n versnelling van die onafhanklikheid van Namibië (1990) en Suid-Afrika (1994)
- Dit het die mite van die onoorwinlikheid van die Suid-Afrikaanse weermag in suidelike Afrika vernietig en het getoon dat Afrika die vermoë gehad het om op sy eie te staan
- Dit het die onafhanklikheid van Angola onder leiding van die MPLA bevorder
- Dit het die pogings van Suid-Afrika en VSA regerings gestop om ŉ pro kapitalistiese regering te stig/Apartheidstaat in Angola
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5 *[Vergelyking van bewyse in Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C toon dat Suid-Afrika die Slag van Cuito Cuanavale gewen het terwyl Bron 2D beweer dat Suid-Afrika die oorlog verloor het
- Bron 2C toon Suid-Afrika se militêre voertuie wat Namibië ingaan nadat hulle van Angola onttrek het terwyl Bron 2D noem dat Suid-Afrika sy nederlaag as 'n taktiese uitvaart (onttrekking) beskou het
- Bron 2C toon 'n banier wat Suid-Afrika se militêre magte as 'WENNERS' verwelkom terwyl Nelson Mandela in Bron 2D aangehaal word waar hy sê dat die Slag van Cuito Cuanavale 'n verpletterende nederlaag was van die rassistiese Suid-Afrikaanse weermag
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Suid-Afrika het betrokke geraak in Angola as gevolg van Kubaanse en Russiese inmenging (Bron 2A)
- Kuba en Rusland het betrokke geraak om die MPLA te ondersteun terwyl Suid-Afrika UNITA ondersteun het (eie kennis)
- Suid-Afrika het betrokke geraak om Kuba en die MPLA te verhoed om die Ruacana en Calueque damme te beset/verower (Bron 2A)
- Angolese en Kubaanse brigades het 'n massiewe aanval op UNITA geloods, Suid-Afrika het inderhaas UNITA ondersteun (Bron 2B)
- Die VSA het UNITA ondersteun deur militêre hulp te verskaf om die onafhanklikheid van Angola te verdedig (Bron 2D)
- Die Kubane het bygedra tot die nederlaag van die Suid-Afrikaanse weermag by die Slag van Cuito Cuanavale (Bron 2D)
- Nelson Mandela toon die belangrikheid van Kuba se deelname in die Slag van Cuito Cuanavale ( Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die rol wat buitelandse moondhede in die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die rol wat buitelandse moondhede in die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3– 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die rol wat buitelandse moondhede in die Slag van Cuito Cuanavale gespeel het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## VRAAG 3: WATTER INVLOED HET DIE SWARTMAGFILOSOFIE IN DIE 1960's EN 1970's OP SWART AMERIKANERS GEHAD?

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*
- 'Het die belangrikheid van 'n verpersoonlikte beeld van swart militarisme verhoog'
- ‘Sy denke deur hierdie medium gevorm is’
- ‘Pearl Marsh ... nie meer haar hare reguit te maak’ (1 x 2) (2)

3.1.2 *[Definisie van 'n historiese konsep in Bron 3A – V1]*
- Filosofie om swart trots, selfvertoue/selfstandigheid onder swart Amerikaners in die VSA in te skerp
- Ideologie vir swart Amerikaners om wit oorheersing te verwerp en swart identiteit, onafhanklikheid, eenheid en sukses te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Hy is opgeneem in die norme en waardes soos deur wit Amerikaners aangeneem is
- Hy het homself nie as 'n Afrikaan geïdentifiseer nie
- Marsh se pa het kroes hare geassosieer met 'Afrikaan' wat hy as negatief beskou het
- Marsh se pa was waarskynlik bekommerd/ gevrees oor sy dogter wat polities radikaal geword het – om 'n Afro te dra was 'n politieke stelling
- Mense uit Marsh se pa se generasie het hare wat reguit gemaak is, gesien as 'n teken van 'ordentlikheid' en 'vordering'
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3A – V2]*
- Om te toon dat jy trots is om 'n Afrikaan te wees/ *Black is Beautiful*
- Om jou erfenis, geskiedenis en bydrae tot die wêreld te beklemtoon
- Om wit norme/waardes te verwerp en jou krag, eenheid en vermoë te demonstreer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Linkse' (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*
- 'Burgerregtebeweging'
- ‘Student Nonviolent Coordinating Committee (SNCC)’
- 'Black Panther-party'
- 'Amerikaanse Kommunisteparty' (enige 3 x 1) (3)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

(a) Die Swartmag-aktiviste beskou Angela Davis as:

- 'n Heldin/rolmodel/leier
- ŉ Inspirasie vir swart Amerikaners omdat sy 'n aktivis, akademikus, geleerde en feminis was
- ŉ Aktivis wat vir gelyke regte en waardigheid opgestaan
- 'n Swart Amerikaner wat trots en selfbewus was
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

(b) Die Amerikaanse regering beskou Angela Davis as:

- 'n Bedreiging/ vyand vir die VSA regering
- Iemand wat 'n negatiewe invloed op swart Amerikaners het
- 'n Krimineel (Sy was op die FBI se mees gesoekte lys)
- Gevaarlik omdat sy aan die Amerikaanse Kommunisteparty behoort het
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3B – V2]*

- Daar is ontdek dat die gewere wat in die ontsnapping gebruik is in Angela Davis se naam geregistreer is
- Sy het 'n veldtog gelei vir die vrylating van die 'Soledad Broers'
- Sy was 'n uitgesproke kritikus teen die Amerikaanse regering
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.3

3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- 'Vlug tussen state'
- 'Moord'
- 'Ontvoering' (enige 2 x 1) (2)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3C – V2]*

- Om 'n negatiewe beeld van Angela Davis oor te dra
- Angela Davis kon haar dalk vermom het/skuilnaam 'Tamu' om arrestasie te vermy
- Om te beklemtoon dat sy 'n gevaarlike Swartmag-aktivis was
- Om seker te maak dat sy geïdentifiseer kan word/nie vlug nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse in Bron 3B en3C - V3]*

- Bron 3B gee 'n positiewe indruk van Angela Davis (aktivis, onderwyser/akademikus, geleerde) terwyl Bron 3C Angela Davis as 'n krimineel uitbeeld (word gesoek vir moord en ontvoering)
- Bron 3B toon dat Angela Davis 'n politieke aktivis was (lid van die Black Panther-party en Amerikaanse Kommuniste Party) terwyl Bron 3C haar as 'n voortvlugtige van geregtigheid uitbeeld
- Uit Bron 3C kan ons aflei dat Angela Davis nie gewelddadig was nie (lid van SNCC) terwyl sy in Bron 3B voorgestel word as gewelddadig (gesoek vir moord en ontvoering)
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.5

3.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Die toenemende aktiwiteit van swart ekstremistegroepe wat tot geweld geneig is' (1 x 1) (1)

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- 'Geskool volgens die Marxisties-Leninistiese ideologie
- 'Die leringe van die Chinese Kommunistiese leier, Mao ZeDong'
- 'Het lede verskeie aanvalle op polisieamptenare gedoen'
- 'Openbare eiendom vernietig'
- 'Was by gewelddadige konfrontasies met die polisie regoor die land betrokke'
- Verkondig die gospel van haat en geweld ......
  (enige 3 x 1) (3)

3.5.3 *[Interpretasie van bewyse in Bron 3D – V1]*

Hoover het probeer om die leiers van die Black Panther-party uit te beeld as:

- Misdadigers
- Nie die wet onderhou nie
- Geweld/ haat aan te hits
- Radikaal en daag die staat uit
- Beskadiging van openbare fasiliteite (onderwys)
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5.4 *[Evalueer die bruikbaarheid van die bewyse in Bron 3D – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit 'n uittreksel is uit 'n stelling wat eerstehandse inligting gee
- Dit ʼn kontemporêre koerant verslag is (16 Julie 1969)
- Die stelling gemaak is deur die FBI Direkteur, Edgar Hoover
- Dit insig gee waarom die FBI lede van die Black Panther-party (BPP) vervolg het
- Dit werp lig op hoe die Black Panther Party gewerk het en hoe hulle beskou is
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Televisiedekking van Swartmag-leiers het gedien as bewusmaking van militantheid onder swart Amerikaners (Bron 3A)
- Die voorkoms van die leiers van die Swartmagbeweging het swart Amerikaners geïnspireer om trots te wees op hulle natuurlike hare en om selfversekerd te wees en nie meer hulle hare reguit te maak nie (Bron 3A en 3C)
- Die oproep om die Soledad Brothers te bevry het beklemtoon dat 'swartes dinge op hulle eie doen' (Bron 3B)
- Die Swartmagfilosofie het die Afro as 'n simbool van swart trots bevorder (Bron 3C)
- Die Swartmagfilosofie het die idee van 'Black is Beautiful' bevorder (Bron 3A en 3C)
- Die Swartmagfilosofie het lede van die Black Panther-party beïnvloed om ver te reis om die Swartmagfilosofie te versprei (Bron 3D)
- Die Black Panther-party het Gemeenskapsgebaseerde programme begin om swart Amerikaanse gemeenskappe op te hef uit armoede (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die invloed wat die Swartmagfilosofie in die 1960's en 1970's op swart Amerikaners gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die invloed wat die Swartmagfilosofie in die 1960's en 1970's op swart Amerikaners gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die invloed wat die Swartmagfilosofie in die 1960's en 1970's op swart Amerikaners gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: GEVALLESTUDIE – CHINA

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet verduidelik tot watter mate Mao Zedong se beleidsrigtings, die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie suksesvol was in die transformasie van Kommunistiese China tussen 1957 en 1969.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet noem tot watter mate Mao se beleidsrigtings (die Groot Sprong Vorentoe en die Kulturele Rewolusie) suksesvol was in die transformasie van Kommunistiese China tussen 1957 en 1969. Kandidate moet aandui hoe hulle, hulle argument gaan ondersteun.

UITBREIDING
- Die **intensies van China se Kommuniste party** (praktiese beleide om die ekonomie te verbeter; outoritêre regeringsvorm; kleinboere sonder grond te bemagtig; grondhervormingsprosesse; nasionalisering van swaar nywerhede)
- **Klaslose gemeenskap** (fokus daarop om omstandighede te verbeter van kleinboere en werkers; het alle Chinese opgelei om saam te werk vir 'n beter China)
- Eerste Vyfjaarplan/Honderd blomme veldtog (agtergrond inligting)

**Die Groot Sprong Vorentoe (het meer op ekonomiese transformasie gefokus)**
- Mao Zedong se Tweede Vyfjaarplan wat begin het in 1958
- Industrialisasie
  - ➢ Beoog om China te industrialiseer om kapitalistiese lande te wen
  - ➢ Om privatisering te beëindig
  - ➢ Het gelei tot die instelling van agterplaas industrieë
  - ➢ Afhanklik van ongeskoolde menslike hulpbronne (kleinboere)
- Landbou
  - ➢ Om landbouproduksie te verhoog sodat dit gelykstaande is aan die produksie van die Weste
  - ➢ Plattelandse koöperasies is geamalgameer in 'mense kommunes' (kollektivisering)
  - ➢ Gewelddadige amalgamasie van boere in 'mense kommunes'
  - ➢ Swak beplanning en lewering/ swak boerdery metodes
  - ➢ Hoë belasting op plaasprodukte
- Gebruik propaganda om produksie te bevorder
- China se ekonomie het geleidelik verval in 'n staat van bankrotskap
- Mislukking binne drie jaar 'Drie Bitter Jare' – ly tot hongersnood
- Mao het uiteindelik erken dat foute begaan is en het bedank as President van China, maar het sy pos behou as voorsitter van die Chinese Kommuniste Party
- In 1962 het hy die verantwoordelikheid van die ekonomie aan President Liu Shaoqi en CKP generaal sekretaris Deng Xiaoping oorhandig en uit die politiek getree
- Li Shaoqi en Deng Xiaoping keer weer terug na 'n mate van kapitalisme
- Dit het aangedui dat die Groot Sprong Vorentoe klaaglik misluk het
- Enige ander relevante antwoord

**Die Kulturele Rewolusie (fokus op politieke transformasie):**

- Mao Zedong het die Kulturele Revolusie in 1966 geloods om sy mag wat hy verloor het as gevolg van die Groot Sprong Vorentoe te herstel
- Hy het die **Rooi Wagte (Red Guards)** ingestel wat: die idees bestudeer en versprei het in die Klein Rooi Boekie; kleinboere opgevoed het in die beginsels van Kommunisme; lees en skryf geleer het; suiwering (opponente van Kommunisme & gematigdes is geëlimineer (uitgewis) en miljoene opponente van Kommunisme is doodgemaak) ingestel het; teenkommuniste kuns en boeke vernietig het
- Die rol van die Rooi Wagte (Veldtog om die **'Vier Oues' (Four Olds)** aan te val: verandering van ou idees, tradisionele kultuur, gebruike en gewoontes)
- Reuse betogings is in die Tiananmen Square Beijing, gehou en oral is plakkate en prente van Mao opgesit
- Die **Klein Rooi Boekie (Little Red Book)** (het Mao se filosofieë oor Kommunisme bevat; daar is van alle burgers verwag om die beginsels van Kommunisme te memoriseer; 'n Bron van Kommunistiese propaganda in China)
- **Eliminasie (Uitwissing) van amptenare**: Deng Xiaoping en Liu Shaoqi is uit die regering verwyder; het ontslae geraak van professionele (ingenieurs, wetenskaplikes, onderwysers ens.)
- Sluiting van skole, kolleges & universiteite (omdat hulle krities, liberaal & elitisties is)
- Nywerhede het swaargekry en produksie het teen 1968 opgehou
- Negatiewe impak op die ontwikkeling van China
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: VERGELYKENDE GEVALLESTUDIE – DIE KONGO EN TANZANIË**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet krities bespreek hoe Mobutu Sese Seko (die Kongo) en Julius Nyerere (Tanzanië) die ekonomiese en politieke uitdagings waarmee hulle onderskeie lande na die verkryging van onafhanklikheid in die 1960's gekonfronteer is, aangepak het.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die vraag kontekstualiseer deur te verwys na die ekonomiese en politieke staat van die Kongo en Tanzanië teen onafhanklikheidswording. Hulle moet 'n argument inslaan en dit ondersteun deur te toon hoe beide lande hulle ekonomiese en politieke beleid ontwikkel het na onafhanklikheidswording.

UITBREIDING
**Krediet moet ook gegee word aan kandidate wat hulle opstel vergelykend struktureer**

**Elemente van ekonomiese 'ontwikkeling'**
**Die Kongo:**
- Het swaar gesteun op landbou en minerale ontginning (enkelprodukekonomie) en sy invloed op die ekonomie
- Kapitalistiese ekonomie
- Zaïrenasie (vervang buitelanders met plaaslike Zaïrese) misluk as gevolg van (onervarenheid/ korrupsie/wanbestuur/nalatigheid)
- Ekonomie word gekenmerk deur nepotisme en elitisme (groot gaping ontwikkel tussen ryk en arm)
- Afname in die stand van die infrastruktuur
- Aansoek om terugwerking (omkeer van Zaïrenasie)
- Afhanklik van buitelandse hulp en belegging
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**
- Het swaar gesteun op landbou en minerale ontginning (enkel-produk ekonomie) en het 'n geloofwaardige vervaardigingsektor ontwikkel
- Afrika sosialistiese ekonomie
- Arusha Verklaring (afskaffing van uitbuiting/verkleining in die inkomste-gaping tussen die armes en die rykes/eienaarskap van die land se hulpbronne)
- Program van hervestiging van mense na nuwe dorpe (kollektiewe dorpe) (*Villagisation*) het dienslewering verbeter/het 'n stabiele gemeenskap ontwikkel wat vry was van ekonomiese ongelykhede). Boere het egter geweier om hulle voorvaders se grond te verlaat/landbouproduksie het geval
- Meeste genasionaliseerde maatskappye het bankrot gespeel
- Uitvoere het afgeneem
- Tanzanië was weereens afhanklik van buitelandse hulp/lenings
- Enige ander relevante antwoord

**Elemente van politieke 'stabiliteit'**
**Die Kongo:**
- Verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (Kongo (1960): J Kasavubu word President en P Lumumba word die Eerste Minister
- Nadat veelparty verkiesings met onafhanklikheid gehou is, het die Kongo 'n eenpartystaat geword binne die eerste vyf jaar na die verkryging van onafhanklikheid
- Mobutu Sese Seko het 'lewenslange president' geword tot met sy dood in 2007
- Mobutu Sese Seko het 'n kleptokrasie gestig waar 'n groep aangestelde staatsamptenare hulle posisie vir finansiële gewin uitgebuit het
- Het Afrika waardes teruggebring
- Sterk gesentraliseerde regering
- Politieke stabiliteit (alhoewel gebaseer op outoritêre gesag)
- Enige ander relevante antwoord

**Tanzanië:**
- Verkryging van onafhanklikheid deur demokratiese verkiesings (Tanzanië 1961: J Nyerere (Eerste Minister) – het die grondwet gewysig om President te word (1962)
- Gladde oorgang (vreedsame verandering / rasse harmonie/ verbondenheid aan die bevordering van menslike gelykheid en waardigheid)
- Nadat veelparty-verkiesings gehou is, het Tanzanië 'n eenparty-staat geword
- Nyerere bly 'lewenslange president' tussen die 1960's en 1970's
- Nyerere het die 'Leierskap-kode' in die Arusha Verklaring ingestel en daarmee hoë vereistes van integriteit aan staatsamptenare gestel
- Afrika Sosialisme/ Ujamaa was geskik vir die inwoners
- Stigting van die Verenigde Republiek van Tanzanië (1964)
- Gesentraliseerde en eenheidstaat
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE BURGERREGTEBEWEGING**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

SINOPSIS
Kandidate moet aandui of hulle saamstem dat die Optog na Washington op 28 Augustus 1963 alleen die mees invloedryke vorm van protes was in die 1960's teen diskriminasie in die Verenigde State van Amerika. Kandidate moet voorbeelde selekteer uit massa-gebaseerde nie-gewelddadige protes wat die Burgerregtebeweging onderneem het, soos die sitbetogings, massa-optredes en optogte tot die uitreiking van die Burgerregtewet in 1964 en die Stemregwet in 1965.

HOOFASPEKTE
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur saam te stem/nie saam te stem dat die Optog na Washington op 28 Augustus 1963 alleen die mees invloedryke vorm van protes was in die 1960's teen diskriminasie in die VSA.

UITBREIDING
**Oor die algemeen sal kandidate nie saamstem nie:**

- Segregasie/Jim Crow wette en weerstand voor 1960's (slegs agtergrond)
- **Sit-betogings (vanaf 1960)** – (Greensboro, Noord-Carolina, vier studente hou 'n 'sitbetoging' by 'n 'slegs-blanke' middagete toonbank; (In die somer van 1961 is besighede in Greensboro gedesegregeer); Sitbetogings het reg oor die segregeerde Suide versprei; Swart en wit studente stig die Student Non-Violent Coordinating Committee om die Burgerregtebeweging te ondersteun; Die konsep van 'sitbetoging' het oor gesegregeerde fasiliteite versprei soos 'pray-ins' (gebedsbetogings), 'read-ins' (leesbetogings), 'wade-ins' (stapbetogings)
- **'Vryheidsryers' (nierassig/nie-gewelddadig)** – ('sitbetoging' in busse en het gereis van die Noorde tot diep in die Suide om nuwe federale wette te toets wat segregasie op die nasionale busstelsel verhoed en aangeval word deur bendes, gebombardeer word, in die tronk gegooi word en nie deur die plaaslike polisie beskerm word nie – duisende het vrywillig aangesluit en President Kennedy is gedwing om federale maarskalks te forseer om die Vryheidsryers te beskerm; Taai nuwe wetgewing wat deur federale bevel op 1 November 1961 ingestel is, het amptelik alle nasionale openbare fasiliteite gedesegregeer
- **Betogings en optogte:**
- **Birmingham 1963**: (Massa-betogings, insluitend 'n kinder-optog het met gewelddadige en wrede reaksie van die polisie gebots (waterkanonne, honde, ens. Alles gebruik om nie-gewelddadige protesteerders te terroriseer) President Kennedy het op TV gesê dat 'rasse segregasie' 'n 'morele aangeleentheid' was en 'geen plek in die Amerikaanse lewe het nie'. Op 10 Mei 1963 het die stad se besighede en munisipaliteit aangekondig dat munisipale fasiliteite gedesegregeer sou word. Aanvalle en moorde op swart Amerikaners in die stad het voortgeduur (Medgar Evans, Bombardement van die 16de Straat Baptiste kerk)
- **Optog na Washington 1963**: (250 000 mense het deelgeneem in 'n nierassige, nie-gewelddadige optog na Washington om volle gelykheid en werksgeleenthede te eis; Martin Luther King Jnr. Gee sy 'I have a dream (Ek het 'n droom) toespraak').

- **Selma-Montgomery-optogte** (Maart 1965): (Om te eis dat swart Amerikaners toegelaat word om te registreer om te stem (slegs 2,5% swart mense was geregistreerde kiesers as gevolg van intimidasie en rassistiese aanvalle) – na drie pogings, brutale polisie aanvalle op nie-gewelddadige betogers (Bloedige Sondag) en massa ondersteuning van regoor die land het hulle Montgomery bereik. Druk is geplaas op President Johnson om die 1965 Wet op Stemreg uit te vaardig)
- **Vryheid-somer (Freedom Summer) (1964) –** (Duisende aktiviste en vrywilligers (meer as 70 000 studente – baie van die noordelike state, plaaslike SNCC, CORE en NAACP aktiviste) het gewerk om swart Amerikaners in Mississippi te registreer en hulle in Vryheidskole te leer (letterkunde, geskiedenis); Aktiviste en vrywilligers het te doen gekry met geweld van wit segregasioniste bendes en polisiebeamptes; **1964 (2 Julie) Burgerregtewet** is uitgevaardig – belet diskriminasie en segregasie in werksomstandighede en alle openbare fasiliteite
- **1965 (6 Augustus) Wet op Stemreg** is uitgevaardig – (het struikelblokke soos geletterdheidstoetse en verkiesingsbelasting vir verkiesings wat daargestel is om te voorkom dat swartmense as kiesers registreer onwettig verklaar; CRM het daarin geslaag om gelykheid te verkry voor die wet
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat

**[50]**

**Indien kandidate sou sê dat hulle saamstem, moet hulle hul argument met relevante bewyse ondersteun**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou